

**29 AUGUSTUS**

**SKRIFGEDEELTE: 2 Kor 1:3-11**

**FOKUSGEDEELTE: 2 Kor 1:3 & 11**

**KYK TERUG EN SKEP MOED**

Hoe kan 'n mens moed skep as jou omstandighede moeilik, vol pyn of neerdrukkend is? As 'n mens nie meer die krag het nie of omstandighede jou baas wil raak, soek 'n mens tog hulp: sekerlik moet 'n mens dan vorentoe kyk?

Paulus se raad aan die gelowiges in Korinthe om eers agtertoe te kyk - na die verlede!

Deur terug te kyk na gister en eergister, sien Paulus hoe die Here in alle omstandighede red. Selfs toe hy in lewensgevaar verkeer het en self wou tou-opgooi (verse 8,9a), het God vir hom gesorg soos net ons hemelse Vader kan.

Meer nog: God wat uit die dood kan red, het sy Seun, Jesus Christus, gestuur om vir ons die dood te oorwin.

Bemagtig met hierdie kennis kan Paulus net tot een gevolgtrekking kom:

God kan red - Hy is God!

God wil red - in Christus het Hy ons hemelse Vader en ons sy kinders geword!

God red - Hy het dit gister en eergister vir my gedoen!

Gereed om die eerste tree na nuwe moed te neem? 'Tree terug' in gebed en sê dankie en bring eer aan ons hemelse Vader omdat Hy so getrou vir jou gesorg het in al die 'gisters' se moeilike omstandighede. Eer God alleen daarvoor.

Vertrou op God dat hy ook uit vandag se moeilikheid kan en wil red ...

En as jy môre weer in gebed 'terug tree', het jy weer oorvloedig rede om God te dank vir vandag se sorg!

*Ds Paul Nel (Brackenhof)*